

Maandelikse gemeentebrief Mei 2018

*Die swart teerpad
Loop kronkelend op en af
En die skouer is stukkend gery deur karre en vragmotors
En daar neffens, tussen die bruin, vaal dekgras
Trots en in groen ondergewaad
Pronk die kosmosblomme in pienk, wit en maroen
Vrolik, die kant van die pad op
Ongevraagd, ongeplant, onversorgd deur mensehand
Op Gods genade, op Gods besluit
Op Gods voorsiening en versorging.
Kosmosblomme vir plesier
Van mens en dier...*

Is die kosmosse nie hierdie jaar pragtig nie! Hulle het ook 'n boodskap dat die seisoen in die natuur draai en hulle laat die herfskleure duideliker uitstaan. In ons kerklike jaar het die seisoen ook verander; die lydenstyd wat ons saam met Jesus gestap het, het met Paassondag saam met die oop graf 'n nuwe seisoen oopgebreek. Die seisoen van nuwe lewe deur die Gees. Ek deel graag met julle wat alles beplan word vir die kwartaal.

Ons kwartaaltema is: Geroep om te genees. Die tekste wat ons met elke erediens gaan lees, handel oor liggaamlike, innerlike en emosionele genesing en hoe ons as gemeente kan saamwerk aan genesing in ons omgewing en land.

Ons is bewus daarvan dat ons as gemeente deel is van 'n groter Kerk. Daarom vier ons jaarliks Hemelvaart deur ons ekumeniese diens op 10 Mei (19:00) in ons kerkgebou. Hier is baie ander kerke in ons omgewing; elkeen van ons het ons eie tradisies en gebruike, maar ons dien dieselfde Here. Met dié diens vat ons mekaar se hande en werk ons saam om Jesus sigbaar te maak in ons omgewing.

Aan die begin van Junie hou ons ook 'n Ringsvergadering, waar al die gemeentes van die NG Kerk in ons omgewing terugvoer gee oor wat in elke gemeente gebeur en wat beplan word. In Fairland, wat ons moedergemeente is, het Dr. Phillip Venter verlede maand afgetree en is hulle in die proses om 'n nuwe leraar te beroep.

Ons is ook opgewonde oor ons Mosambiekspan se werk saam met die kerk daar. Hulle werk vanjaar in Mawaiela. Die manne help met die dak van die nuwe kerkgebou en die jong mans werk aan 'n nuwe klimraam met 'n glyplank. By die kasjoeneutstoor word ligte aangelê en rakke ingesit en die dames werk saam met die vrouebediening. Ons sien uit na hulle getuïenisse oor hoe die Here ook sy kerk in Mosambiek uitbou.

Ons sien ook uit na ons Pinksterweek. Ons is bevoorreg dat Prof. Jan van der Watt die reeks vir ons kom lei oor die werking van die Gees. Hy is 'n bekende Nuwe-Testamentikus, medevertaler van "Die Boodskap" en skrywer van verskeie boeke. Soos gewoonlik is daar ook 'n Kinder- en Senior-Pinksterreeks.

Ons jaarlikse Omgee-gholfdag vind op 22 Mei by Ruimsig-gholfbaan plaas. Al die fondse wat ons insamel word uitgedeel aan mense in nood en instansies wat saam met ons "deernis aan die weerloses" betoon.

Ons "Twilight Trot" het (on)gelukkig uitgeregên en vind nou op 31 Mei plaas. Jy kan nog inskryf en almal wat reeds ingeskryf het, kan net kom deelneem.

Ons groot sosiale funksie is 'n aand saam met die bekende sanger Kevin Leo. Kom kuier en geniet die aand saam, met 'n koppie sop en brood.

Dit is 'n besige kwartaal, maar ook 'n geleentheid waartydens die Gees met ons kan besig wees, om God se liefde en deernis sigbaar te maak. Stel jouself oop en beskikbaar daarvoor!

Kobus Sandenbergh